

teen winsbejag by kommersiële gebruik) van die afdrukke uit die nasionale prente-kabinet, op die volgende wyse:

- (a) aan onderwys-owerhede vir die maak van strokiesfilms, kort dokumentêre prente en tema-albums met geskiedkundige prente vir verspreiding onder skole.
- (b) aan biblioteke en musea vir tydelike uitstalling in verband met gebeure van aktuele belang, soos herdenkingsfeeste i.v.m. persone en gebeurtenisse.
- (c) aan navorsers, die pers, buitelandse aanvraers en staatsdepartemente wat die beste outentieke verlugtingsmateriaal oor 'n bepaalde tema nodig het.

Tot sover dan die doelstelling. Daarby word geensins uit die oog verloor die lang reeks praktiese besware wat die uitvoering in die weg mag staan nie: finansiering, die toepassing van kopie-reg, die beheer van winsbejag, die hantering van selfsugtiges onder die versamelaars wat op lewe en dood aan 'n vergeelde foto sal vasklou liever as om *pro bono publico* die maak van 'n afdruk daarvan toe te laat. En dan is daar ook nog amptelike jaloesie van inrigting teenoor inrigting wat mekaar selfs by die verwerwing van wat tog per slot van rekening aan ons volk as geheel behoort, graag 'n vlieg probeer afvang.

Laat ons die hoop koester dat ons pasgestigte Historiese Genootskap naas sy verklaarde oogmerke ook peetvader van die gedagte sal word om aan ons kinders en onself Suid-Afrika se kleurvolle geskiedenis in beeld daar te stel. Ons het die materiaal; dit lê oral rondom ons. Al wat nodig is, is stelselmatige versameling en ko-ordinasie op Uniale grondslag met samewerking van alle belanghebbendes.

DIE EERSTE DIPLOMATIEKE VERTEENWOORDIGING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK IN ENGELAND

deur

A. N. PELZER

MET die onafhanklikheidserkenning van die Suid-Afrikaanse Republiek deur Engeland in 1852, het die Boeregemeenskap ten noorde van die Vaalrivier dié mate van staatkundige volwassenheid bereik dat dit sy betrekkinge met buitelandse moondhede selfstandig kon reël. Tog het dit nie onmiddellik gebeur nie. Hiervoor kan baie en goeie redes aangevoer word.

Daar dien op gelet te word dat die Sandrivierkonvensie 'n selfstandige maar geensins volgroeide staat, in die lewe groep het nie. Veel sou nog gedoen moes word om die eie interne sake behoorlik

op dreef te kry; 'n wyd-verspreide samelewing, ongewoon aan gereelde landsbestuur, sou eers tot 'n hegte eenheid saamgesnoer moes word, terwyl dit te voorsien was dat in hierdie proses baie foute begaan sou word omdat die persone wat geroepe was om koers en leiding te gee, min of meer heeltemal onkundig en sonder ervaring met betrekking tot die groot taak van landsregering was. En waar hierdie geïsoleerde binnelandse staatjie voorlopig sy hande oorvol met sy eie probleme sou hê, was daar haas geen tyd om aan die groot wêreld daarbuite te dink nie. Sonder oordrywing kan gesê word dat gedurende die eerste paar jaar van sy selfstandige bestaan, die noodsaaklikheid van buitelandse kontakte nie tot die landsvaders van die tyd deurgedring het nie.

Ten spyte van hierdie oënskynlike onverskilligheid was die Republiek, hoewel nie amptelik nie, tog nie sonder 'n mondstuk in die buiteland nie. Prof. U. G. Lauts⁽¹⁾ het hom sedert die dae van die Kaapse landverhuising, grootliks geïnteresseer in die lotgevalle van die Trekkers en telkens wanneer die geleentheid hom voorgedoen het, onbaatsugtig in hulle belang opgetree. Dieselfde belangstelling het hy ook in die Suid-Afrikaanse Republiek openbaar hoewel die ongereelde toestande wat in daardie dae in Transvaal geheers het, sy taak besonder bemoeilik het. Dit was veral die onenigheid tussen die opvolgers van Potgieter en Pretorius wat baie afbreuk gedoen het aan die welslae van sy werk.

Ondanks die onbestendige Transvaalse binnelandse toestande wat Lauts self nie as bevredigend kon beskou nie, het hy, eers in 1853 en toe weer in 1854, probeer om van die Nederlandse regering erkenning vir die Suid-Afrikaanse Republiek te kry. Albei pogings was sonder sukses. Met die aanname van die eerste Grondwet in die Suid-Afrikaanse Republiek en M. W. Pretorius se verkiesing tot staatspresident, het daar 'n mate van bestendigheid ontstaan en kon Pretorius persoonlik met die Nederlandse koning in briefwisseling tree. In die brief deel hy die koning mee van Lauts se benoeming tot Diplomatieke Agent in Nederland en versoek hy die koning om „onze maatschappij als een onafhankelijken en vrijen staat” te erken. 'n Soortgelyke brief is ook aan die president van die Verenigde State van Amerika gerig.⁽²⁾

Hierdie pogings het ook albei skipbreuk gely. Die Nederlandse regering wou Pretorius nie as hoof van die Suid-Afrikaanse Republiek erken nie omdat Kaapse koerante die gerug in Nederland versprei het dat genl. Schoeman aan die hoof van die regering staan. Gevolglik is

(1) Vir uitvoerige besonderhede oor hierdie man en sy werk, vgl. dr. J. Ploeger: Ulrich Gerhard Lauts (1787 — 1865). Skakel tussen Nederland en die Voortrekkers, *Historiese Studies*, Jaargang I, No. 4, bl. 1 en Jaargang II, No. 1, bl. 1.

(2) Nell, P. R.: Die Konsulêre en Diplomatieke Verteenwoordiging van die Suid-Afrikaanse Republiek in die Buiteland, *Historiese Studies*, bl. 11.

die onafhanklikheid van die Republiek nie erken nie en is die benoeming van Louts ook nie goedgekeur nie. Ook die Amerikaanse regering het nie sy weg oopgesien om die Republiek te erken nie.

Daarmee het die buitelandse betrekkinge van die Republiek voorlopig geëindig. Te lank sou dit egter nie sonder buitelandse kontakte kon klaarkom nie. Namate die binnelandse struikelblokke langsaam oorkom is, en daar veral in materiële en ekonomiese opsig duidelike tekens van vooruitgang waarneembaar was, het die Republiek haas ongemerk in 'n groter wêreld opgegaan.

Een van die eerste persone wat ekonomiese moontlikhede in die Suid-Afrikaanse Republiek gesien het, was die Skot Alexander McCorkindale wat in die loop van die sestiger jare allerlei ambisieuse skemas in verband met immigrasie, banke, die ontwikkeling van 'n hawe en die oprigting en die instandhouding van 'n stoomvaartverbinding met die hawe, aan M. W. Pretorius voorgelê het. Een van die persone met wie McCorkindale in Engeland in noue voeling was, was James Jerrom Pratt wat in Londen as algemene agent opgetree het.⁽³⁾ Hoewel hy owerigens geen belange in Suid-Afrika gehad het nie en totaal vreemd teenoor die Boerebevolking van Transvaal gestaan het, het by hom 'n opregte begeerte ontstaan om die Republiek binne die perke van sy eie moontlikhede te help.

Vroeg in 1866 tree hy met M. W. Pretorius in verbinding en gee te kenne dat hy dit as 'n groot guns sal beskou om tot „Resident Agent” van die Republiek in Londen benoem te word.⁽⁴⁾ Heel beskeie maar ewe beslis voeg hy daaraan toe „wees verzekerd dat eenige werkzaamheid alhier aan my toevertrouwd mijne dadelijke en zorgvuldige attentie zullen hebben.” Pratt se latere optrede het bewys dat hierdie woorde opreg bedoel was.

Pretorius wat goeie advies altyd haastig aangegryp het, het die inhoud van Pratt se brief by die eerste geleentheid onder die aandag van die Volksraad gebring. In sy openingstoespraak tydens die sitting van September 1866 het hy die versoek van Pratt warm aanbeveel deur te verklaar dat sy onderhandelings met McCorkindale hom oortuig het van die wenslikheid om in Natal en in Engeland konsuls aan te stel. In Natal, so deel hy die Raad mee, het Thomas William Findlay en in Engeland die reedsgenoemde Pratt hulle bereid verklaar om as konsuls van die Republiek op te tree. Met 'n mate van trots (so kan 'n mens jou voorstel) het die president daaraan toegevoeg: „De Raad zal zeker met genoegen hieruit bespeuren dat onze Republiek buitenlands meer in

(3) Pratt is in Julie 1821 in Leicester gebore en is op 87-jarige leeftyd in Mei 1908 oorlede.

(4) R 319/66: J. J. Pratt aan M. W. Pretorius, dd. Londen, 9-3-1866. (Vertaling).

aanmerking begint te komen, en dat men zelf in Europa ook genegenheid betoont tot den vooruitgang van ons jeugdig land mede te werken".⁽⁵⁾ Die Volksraad het die president se versoek tot besluit verhef en tewens besluit om die president te magtig en op te dra om ter bevordering van die handel en nywerheid en ter beskerming van die inwoners van die Republiek, in alle state waarmee die Republiek in betrekking staan, konsuls aan te stel.⁽⁶⁾

Pretorius het vervolgens met sir Philip Wodehouse, Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, in aanraking gekom, hom van die benoeming van die twee persone verwittig en hom tewens versoek om die erkenning „van die beide heeren als Consuls by Hare Majesteit de Koningin van Engeland aan te bevelen." Wodehouse het saamgewerk en onderneem om die desbetreffende korrespondensie dadelik aan die Britse regering deur te stuur.⁽⁷⁾ Pratt is tegelykertyd van die benoeming in kennis gestel wat dan ook onmiddellik deur hom aanvaar is.⁽⁸⁾

Ook die Britse regering het sy medewerking verleen toe sonder enige vertraging aan Pratt exequatur verleen is om as konsul van die Republiek op te tree — 'n daad waarvoor M. W. Pretorius in 'n persoonlike skrywe aan die Koningin sy dank uitgespreek het.⁽⁹⁾ Die president kon nie help om in sy skrywe te meld dat hy hierin „een vernieuwd bewys" vind van die ernstige begeerte van die Britse regering om die Sandrivierkonvensie noukeurig te handhaaf nie.

In verband met die exequatur wat aan Pratt verleen is, kom 'n baie interessante aspek van die staatkundige posisie van die Republiek na vore. Hoewel die mededeling aan Pratt uit die „Foreign Office" afkomstig is, word hom terselfdertyd meegedeel „that any communication which the President of the Republic may desire to make to the British authorities upon public affairs must be held with the Governor of the Cape of Good Hope, or through him, when required with the Secretary of State for the Colonies." In werklikheid was die vreugde van Pretorius oor die bewys van die Britse regering se gewilligheid om die Sandrivierkonvensie onvervals te erken, dus ietwat voorbarig. Volwaardige erkenning van die Republiek sou inhou dat diplomatieke verkeer tussen die twee state onderhou word deur die kantoor van die Minister van Buitelandse Sake en nie van Koloniale Sake nie.

Nadat Pratt sy exequatur soos dit deur die Koningin persoonlik

(5) Aanspraak Staatspresident, 10-9-1866, art. 17 in Staats-Courant, 11-9-1866.

(6) V.R.B. 15-10-1866, art. 407 in Staats-Courant, 30-10-1866.

(7) B.B. 1832/66: M. W. Pretorius aan Wodehouse, dd. Pretoria, 15-11-1866. R 1224/66: Wodehouse aan Pretorius, dd. Kaapstad, 8-12-1866.

(8) B.B. 1841/66: J. W. Spruyt aan J. J. Pratt, dd. Pretoria, 15-11-1866. R 214/67: J. J. Pratt aan Pretorius, dd. Londen, 26-2-1867.

(9) R 290/67: J. J. Pratt aan M. W. Pretorius, dd. Londen, 22-3-1867. B.B. 371/67: M. W. Pretorius aan Haar Majesteit die Koningin, dd. Pretoria, 2-7-1867.

onderteken is, ontvang het, het hy sy kantoor in Londen behoorlik vir die doel ingerig en dit opnuut as sy voorneme te kenne gegee „to promote its (die Republiek s'n) progress and to carry out as far as in my power lies any instructions I may have the honor to receive from your Excellency”.⁽¹⁰⁾ Dadelik het hy blyke gegee waar sy eerste belangstelling lê toe hy in dieselfde brief skryf: „I shall lose no opportunity through the medium of the press and otherwise to make known in Great Britain and on the Continent of Europe the great natural resources and advantages the Republic of South Africa offers to those who may make it their future home.”

Pratt sou hom egter nie net by die daadwerklike aanmoediging van immigrasie bepaal nie. Met die brief waarna hierbo verwys is, het hy 'n loopbaan aanvaar wat hy vir sover vasgestel kan word, sonder enige materiële vergoeding, vir 'n tydperk van meer as twintig jaar op 'n eervolle wyse behartig het. In die loop van hierdie jare het 'n groot aantal sake op versoek van die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek sy aandag geniet; nog meer dikwels het hy uit eie beweging die een of ander saak wat vir die Republiek van groot belang was, versigtig aangepak en op baie taktvolle wyse onder die aandag van die betrokke instansies gebring. Hiermee was hy meer as eens 'n hele stap op die Republiek vooruit terwyl hy nie altyd op die simpatieke medewerking van die Republikeinse amptenare kon reken nie. In die navolgende bladsye word by die diplomatieke bedrywighede van Pratt slegs tydens die ampstermyn van president Pretorius stilgestaan.

Uit hoofde van sy amp het Pratt namens die Republiek allerlei takies in Londen verrig wat moeilik deur die regering self gedoen kon word. Hy was in die reël altyd die kanaal waardeur korrespondensie met buitelandse state gevoer is, en hoewel dit enigsins omslagtig mag voorkom, het dit tog dikwels gebeur dat briewe vir vastelandse regeringshoofde bedoel, eers aan Pratt gestuur is en hy dan vir die verdere verspreiding daarvan gesorg het. In die lig hiervan kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat veral gedurende die eerste jare na sy benoeming toe die Republiek op geen wyse op die vasteland verteenwoordig was nie, Pratt inderdaad 'n veel groter arbeidsterrein as net Groot-Brittanje waarvoor hy in die eerste plek aangestel is, gehad het.

Hiervoor was Pratt wat die behoeftes van die Republiek goed geken het, gedeeltelik self verantwoordelik. Toe die Republiek nog nie 'n verteenwoordiger in Berlyn gehad het nie, het hy aangebied om tot tyd en wyl 'n geskikte persoon gevind kon word, as konsul van die Republiek in Berlyn op te tree. Die aanbod is met dank deur die Rege-

(10) R 365/67: J. J. Pratt aan M. W. Pretorius, dd. Londen, 9-4-1867.

ring van die Suid-Afrikaanse Republiek aanvaar ⁽¹¹⁾ toe hy tegelykertyd versoek is om geskikte persone as konsuls in Berlyn en Parys aan te beveel. Dit was hy gewillig om te doen en het onderneem om sy ernstige aandag aan die saak te gee. Ywerig soos hy altyd was, het hy alweer van nuwe behoeftes bewus geraak en daarom van die Republiek verneem „whether your Government desires to appoint Consuls at Amsterdam and Antwerp.” Nog voor hy 'n antwoord op die laaste vraag kon kry, was hy al gereed om 'n persoon as konsul in Antwerpen aan te beveel. ⁽¹²⁾

Toe die regering van die Republiek in die sestiger jare 'n langdurige ekonomiese krisis die hoof moes bied, het uiteindelik niks anders oorgebly as om met die uitgifte van papiergeld te begin nie. Omdat die Republiek onvoldoende toegerus was om sy papiergeld te druk, is Pratt versoek om ondersoek na die saak in Londen in te stel en veral oor die koste verbonde aan so 'n onderneming te rapporteer. Aan die versoek het hy geredelik voldoen. ⁽¹³⁾

Vir sover vasgestel kan word, was Pratt ook die eerste persoon om die landswaapen te verwerk om te pas in 'n amptelike seël. Hierdie werk het hy gedoen of laat doen op versoek van Pretorius volgens 'n tekening wat deur McCorkindale tydens een van sy besoeke aan Europa, aan hom voorgelê is. Die finale ontwerp het hy eers vir goedkeuring aan die president gestuur. ⁽¹⁴⁾ Of dit in sy oorspronklike of 'n gewysigde vorm aanvaar is, kon nie vasgestel word nie.

Pratt het sy grootste dienste egter gelewer met betrekking tot sake wat hy op eie houtjie aangeraak het. Soos reeds gesê, het hy van die begin af groot belangstelling in immigrasie geopenbaar en hierdie belangstelling het hy blykbaar enduit bly behou. Kort na sy benoeming tot konsul van die Republiek het hy uit alle moontlike bronne tot sy beskikking 'n klein pamflet saamgestel met die doel om dit in Engeland en op die vasteland te versprei. Om sy eie woorde te gebruik, het hy gehoop om langs die weg 'n gunstige indruk vir die Republiek te verwek en immigrante met kapitaal te lok, nie alleen na die nedersetting van McCorkindale by Nu-Skotland nie, maar na alle dele van die Republiek. ⁽¹⁵⁾ Vir die doel het hy versoek dat alle moontlike inligting aan hom gestuur word en ten einde met die algemene gang van sake op hoogte te bly, dat ook die Staatskoerant gereeld aan hom besorg sal

(11) B.B. 463b/68: M. W. Pretorius aan Pratt, dd. Pretoria, 31-7-1868.

(12) R 153/69: Pratt aan J. W. Spruyt, dd. Londen, 9-12-1868; R 303/69: Pratt aan regering Z.A.R., dd. Londen, 9-2-1869; R 1409/69: Pratt aan Proes, dd. Londen, 25-10-1869; B.B. 258/69: M. W. Pretorius aan Pratt, dd. Pretoria, 7-4-1869; B.B. 283/70: M. W. Pretorius aan Pratt, dd. Pretoria, 9-3-1870.

(13) B.B. 613/68: M. W. Pretorius aan Pratt, dd. Pretoria, 22-10-1868. R 175/69: Pratt aan Pretorius, dd. Londen, 9-1-1869.

(14) R 816/69: Die oorspronklike ontwerp is by die dokument aangeheg.

(15) R 602/67: Pratt aan Pretorius, dd. Londen, 10-6-1867.

word. Klaarblyklik was die regering nie altyd ewe sorgsaam om aan versoeke van hierdie aard te voldoen nie want Pratt het hom by meer as een geleentheid teenoor Pretorius bekla wat weens die nalatigheid van die desbetreffende instansies in Pretoria, hy nie by magte was om aantygings wat teen die Republiek gemaak word, doeltreffend te weerlê nie.

Ten einde belangstelling vir die Republiek op te wek, het hy o.a. van sy lidmaatskap van die „British Association” gebruik gemaak om ’n lesing te hou op die organisasie se jaarvergadering wat in 1867 te Dundee gehou is. Baie duidelik het sy lesing belangstelling gewek en navrae van ’n aantal kapitaalkragtige groepe uitgelok. Om die vrae te kon beantwoord versoek hy „statistics relative to temperature, the exports and imports, produce, stock and general resources of the country.” Hy versoek ook dat ’n kaart „shewing present eastern boundary” aan hom gestuur sal word ten einde dit in te sluit by sy pamflet oor die Republiek.⁽¹⁶⁾ Aan hierdie versoek het Pretorius, hoewel enigsins laat, voldoen toe hy Jeppe opdrag gegee het om Pratt te voorsien van ’n afdruk van ’n kaart deur homself en eerwaarde Merensky opgestel.⁽¹⁷⁾

Inligting wat hy op die manier bekom, was hy gewillig om tot die beskikking van ’n groot aantal organisasies te stel „soliciting them to give publicity through their members and the press in their respective districts”.⁽¹⁸⁾ Pratt was baie duidelik bewus dat sy immigrasiegedagtes ietwat vreemd en selfs te gevorderd vir die Republikeinse regering sou wees en daarom het hy haas geen geleentheid laat verbygaan om breedvoerig op die voordele in te gaan wat goeie immigrante vir die Republiek kon hê nie. Deur die voordele te beklemtoon wou hy nie slegs sy eie werk in Londen regverdig nie maar ook die regering in Transvaal aanspoor om positief op te tree. Met die oog daarop dat „Natal, River Plata, Brazil, Canada and other countries are making considerable efforts by advertising and other means to attract Emigrants with capital,” is die noodsaak groot „for judicious advertising and other efforts here, and good organisation at the port of debarkation, to secure comfort and economy and dispatch in transport from thence to the Republic.”

Dit is baie duidelik dat Pratt in verband met sy immigrasieplanne die moontlikhede op landboukundige gebied as die sterkste lokmiddel aan waarskynlike landverhuisers wou voorhou. Ook in verband hiermee het hy met ’n grootse skema voor die dag gekom toe hy aan Pretorius voorgestel het om monsters van produkte wat op die landboutentoonstelling wat gedurende die herfs van 1868 in Potchefstroom gehou sou word, met volledige besonderhede aan hom te stuur. Hy beklemtoon

(16) R 1245/67: Pratt aan Pretorius, dd. Londen, 9-12-1867.

(17) B.B. 612/68: Pretorius aan Pratt, dd. Pretoria, 22-10-1868.

(18) R 448/68: Pratt aan Spruyt, dd. Londen, 8-2-1868.

die noodsaaklikheid dat die monsters in omvang groot genoeg moet wees „to admit of allowing specimens for the consulates — for presentation respectively for public exhibition at the South Kensington Geological and Kew Museums for the Royal Geographical Society, the Pharmaceutical College of Surgeons and such of our Chambers of Commerce as may be deemed desirable.” Hy beklemtoon heeltemal ten regte dat op hierdie manier die land en sy produkte permanent onder die aandag van die publiek sal wees. Ook sal dit hom baie help om deur woord en geskrif „information relative to the rich resources and the many advantages the Republic offers to such as may contemplate leaving England,” beskikbaar te stel.⁽¹⁹⁾

Ook aan hierdie wens het Pretorius voldoen. Op sy versoek het die here Forssman en Brodrick monsters van verskillende produkte aan Pratt gestuur maar omdat die here blykbaar gevra het dat die materiaal na 'n maand weer aan hulle teruggestuur moet word,⁽²⁰⁾ is die hele skema van Pratt op 'n baie vroeë stadium onherroepelik verongeluk.

Waar Pratt op 'n verre afstand in Londen oor die probleme van die Suid-Afrikaanse Republiek nagedink het, wil dit voorkom asof hy sake veel beter in perspektief kon sien en daarom makliker die werklike behoeftes kon aandui. Nadat hy die ligging van die Republiek met betrekking tot die kus oorweeg het, het hy tot die gevolgtrekking gekom en dit in 'n brief aan Pretorius baie duidelik gestel dat daar nie genoeg waarde geheg kon word aan „the possession of a port which would greatly enhance the general prospects and importance, and facilitate the future advance and development of the country”.⁽²¹⁾

Oor hierdie saak was Pratt ook met McCorkindale in korrespondensie. Dit is tewens heel goed moontlik dat Pratt en McCorkindale reeds veel vroeër met mekaar oor hierdie saak van gedagte gewissel het en mekaar op die punt goed begryp het. In 'n brief aan McCorkindale waarin hy die saak bespreek, ontleed hy die geïsoleerde posisie van die Transvaal glashelder waar hy skryf „Dat om reden van de tegenwoordige zwaarigheid die er bestaat van een betalingsmiddel — de zwaarigheid van producten uitvoeren te zamen met de regten geheven door Natal en de naburige staten, de Republiek nooit tot dezelfs behoorlijke standpunt kan geraken of een behoorlijke positie als een onafhankelijk staat of natie kan bekleden tot dat het eene eigen Haven heeft”.⁽²²⁾

Die opmerkings van Pratt het in gunstige aarde geval. Pretorius en McCorkindale wat ten tye van Pratt se skrywe reeds geruime tyd in onderhandeling was oor 'n ooreenkoms in verband met die ontwik-

(19) R 1245/67: Pratt aan Pretorius, dd. Londen, 9-12-1867.

(20) R 1121/68: Pratt aan Spruyt, dd. Londen, 10-8-1868.

(21) R 448/68: Pratt aan Spruyt, dd. Londen, 8-2-1868.

(22) R 1494/69: Pratt aan McCorkindale, dd. Londen, 4-2-1869.

keling van 'n hawe ten behoeve van die Republiek maar mekaar ten gevolge van die tydige en ontydige tussenkoms van die Volksraad nie kon vind nie, het in 1869 opnuut samesprekings gevoer. Hierdie keer was hulle suksesvoller en 'n ooreenkoms waaraan die Volksraad ook sy seën geheg het, het in Mei 1869 tot stand gekom. Hiervolgens sou 'n maatskappy waarvan McCorkindale en ene James Gunn aan die hoof sou staan, opgerig word met as doel die „daarstelling van Havens en van eenen weg tusschen de Oostelike Bakens van de Z.A.R. en de Pongola en Umzuti rivieren”.⁽²³⁾ Van hierdie ooreenkoms is 'n kopie aan Pratt gestuur wat dadelik gereed was om tegniese inligting in te win en tot die beskikking van die kontrakterende partye te stel.⁽²⁴⁾ Pratt was naamlik van oordeel dat voor handelend opgetree kon word, „survey's made by duly qualified persons, proving the depth of the river and to what extent it is navigable will be required.”

Dit was in hierdie opsig wat Pratt gereken het dat hy van diens kon wees. Hy was naamlik bewus daarvan dat die skip *Petrel* met Cochrane in bevel, waarnemings vir 'n aansienlike afstand in die Maputarivier gemaak het. Pratt het nou die Britse admiraliteit versoek om inligting waaroor hulle beskik, aan hom mee te deel.

Die Britse admiraliteit het geen beswaar gehad om Pratt breedvoerig in te lig nie. Laasgenoemde het op sy beurt weer die inligting aan die regering van die Republiek oorgedra. Die verslag wat Pratt aan die regering gestuur het, was vir die verwesenliking van die McCorkindale-skema van soveel belang, dat dit hier min of meer volledig weergegee word.

“Commander Cochrane reports that for the first 17 miles up the River the Banks are of low alluvial soil lined with forests of Mangroves, after this it is a fine open healthy country with sandy soil; the Banks are about 6 feet above high water and the tide reaches as far as thirty miles including the windings of the river. There are beautiful plains all along the river for two miles on either side and also five ranges of hills before the Lebombo Mountains are reached.

“The narrowest part of the river is 60 yards wide, and its greatest breadth at the mouth and fork, 300 and 150 yards.

“The depth of water for the first 20 miles is about 18 feet, for the next 50 miles it averages 6 feet, about 4 feet for the next 30 miles, and about 2 feet for the last 30 miles gradually shallowing to where the river can be easily forded.

“The ebb tide at entrance runs very strong and lasts about 7 hours from 2½ to 5 knots in some of the bends of the River, and the strength

(23) Vgl. D. W. Krüger: Die weg na die See, bl. 174 ev.

(24) R 1409/69: Pratt aan Proes, dd. Londen, 25-10-1869.

of the current is so strong that Commander Cochrane was not able to reach the Fork of the River till the 17th day working night and day.

"Commander Cochrane further states that with all the turns and bendings of the River he must have gone at least 130 miles over the ground, though in a straight line from the mouth of the River it is only 56 miles".⁽²⁵⁾

Dit is begryplik dat hierdie verslag 'n baie ongunstige invloed op die verdere planne van McCorkindale en Gunn moes gehad het en sonder die minste twyfel belangrik tot die mislukking van die skema bygedra het.

Sonder om hier breedvoerig by die Britse koloniale beleid veral soos dit op die Suid-Afrikaanse Republiek gedurende die sestiger jare betrekking gehad het, stil te staan kan in die verbygaan daarop gewys word dat onder dwang van sekere ryksbouers die konvensiebeleid van die sestiger jare, sterk in die gedrang gekom het. Op elke moontlik wyse denkbaar is deur buitestaanders geprobeer om druk op die regering uit te oefen ten einde sy beleid met die Republiek in hersiening te neem. Een van die argumente wat in die verband veral stelselmatig aangewend is, is die beskuldiging dat in die Republiek, strydig met die bepalings van die Sandrivierkonvensie, slawerny altyd beoefen word. Hierin het die agitators dan genoegsame rede gevind dat die konvensie oorboord gegooi kan word vir sover dit enige beperkings op Groot-Brittanje gelê het met betrekking tot gebiedsuitbreiding in 'n noordelike rigting.⁽²⁶⁾

Van die klaarblyklike vyandige gesindheid teenoor die Republiek het Pratt kennis gedra. In 'n skrywe van 1868 reageer hy vir die eerste keer daarteen toe hy aan die goewermentsekretaris 'n eksemplaar van die *Times* van 3 Augustus 1868 stuur waarin 'n berig oorgeneem is wat oorspronklik in die *Natal Mercury* verskyn het. In die berig is 'n ernstige aanval op die sg. slawerny wat in die Republiek beoefen sou word, gemaak. Pratt het die erns van die saak ingesien en ten einde hom in staat te stel om dergelike berigte in die toekoms te weerspreek, versoek dat die regering hom sou voorsien van „a copy of law prohibiting slavery also of that relating to indenturing native and destitute children”.⁽²⁷⁾ Dit is dus duidelik dat Pratt op hierdie stadium met die moontlikheid wou rekening hou dat die valse aantygings teen die Republiek kon berus op die foutiewe veronderstelling dat die inboekstelsel met slawerny vereenselwig kan word.

(25) John Henry Briggs aan J. J. Pratt, dd. Admiralty, 21-1-1870. Afskrif van brief by R 347/70.

(26) Vir meer besonderhede i.v.m. die Anti-slawernybeweging, vgl. W. Kistner: *The anti-slavery agitation against the Transvaal Republic, 1852 — 1868.*

(27) R 1121/68: Pratt aan Spruyt, dd. Londen, 10-8-1868.

Toe die hele kwessie 'n paar maande later 'n ernstige wending geneem het deurdat gelyktydig met nuwe persberigte oor wreedhede teenoor naturelle-kindere, 'n mosie met betrekking tot die saak deur ene Fowler in die Britse laerhuis aanhangig gemaak is, het Pratt die Transvaalse regering ernstig aangespreek omdat hulle sy hande nie voldoende sterk om die lasterlike aanvalle voldoende te weerspreek nie. Weliswaar, so skryf hy, het hy 'n uittreksel uit die Staatskoerant ontvang m.b.t. die wet op die inboekstelsel „but no refutation of the charges of cruelty or any remarks thereon.” Ten einde in 'n posisie te wees „to elevate the Republic in the eyes of the world” versoek hy ernstig om in die toekoms gereeld die Staatskoerant te ontvang „and that I be kept better informed in order that I may have official information on the subject to put forward if desired.” Hoe graag hy ook al bewerings van die aard wil weerspreek, bly dit vir hom 'n moeilike saak „when such accounts appear from time to time in your local paper, the Argus — without your official contradiction”.⁽²⁸⁾

By goeie voornemens het dit nie gebly nie. Pratt het met hoë regeringsinstansies in aanraking gekom en met voorlegging van die desbetreffende wetgewing aangetoon dat die saak in die Republiek die verdiende aandag geniet en „that capturing and making children slaves was not only prohibited but punishable when detected, also that cases of cruelty had when proved been rigorously dealt with.” Die graaf van Clarendon met wie hy oor die saak gekorrespondeer het, het hom weinig daaraan gesteur. Ongeag alles wat Pratt gedoen het om die teendeel te bewys, het die Minister bly glo dat slawerny beoefen word en daarin 'n handige verskoning gevind om van sy kant die Sandrivierkonvensie te ignoreer. Toe Pratt die Britse regering daarop wys dat Britse handelaars in Suid-Afrika strydig met die bepalings van die konvensie vuurwapens aan naturelle verkoop, het Clarendon taamlik uit die hoogte geantwoord: „Her Majesty's Government holds itself relieved by the non-observance of the Provision of the convention which prohibits Slavery and the Slave trade; the Government of the Cape, with the sanction of the Imperial Government have opened the market for Ammunition to natives as well as to Europeans”.⁽²⁹⁾ In antwoord hierop kon Pratt maar net nogeens alle inligting waaroor hy beskik onder die aandag van die Minister bring. In een van sy briewe het hy die kern-oorsaak van al die moeilikheid en misverstand blootgelê toe hy sy spyt te kenne gegee het dat die Britse regering nog altyd nie sy weg oopgesien het om 'n Britse konsul deur wie onpartydige inligting ingewin kon word, in die Transvaal te benoem nie. By ontstentenis van

(28) R 343/69: Pratt aan Spruyt, dd. Londen, 24-2-1869.

(29) R 800/70: Kopie brief Graaf Clarendon aan Pratt, dd. Foreign Office, 13-4-1870.

so 'n amptenaar, is die Britse regering op derderangse en kwaadwillige inligting aangewys.

Vir wat Pratt in verband met die weerlegging van die lasterlike stories gedoen het, was die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek hom natuurlik baie dankbaar. Dit is egter duidelik dat in Transvaal ook 'n ander standpunt daarop nagehou is soos baie duidelik uit een van Pretorius se briewe blyk waarin hy Pratt vir sy bemoeiing bedank. Hierin sê hy o.a. „dat ik hoogst verblijd ben over uwe ijverige belangstelling in die zaak tot wederlegging der beschuldigingen tegen het Gouvernement en de bewoners van dezen Staat” maar gaan hy verder „aan de andere kant moet ik er bijvoegen dat in Zuid Afrika men zich begint te schamen van zulke handtastelijke leugens te gelooven en te verspreiden. Het dagelijks getal bezoekers is te groot en de waarheid blijkt te sterk, dat de verdedigers van ‚het drijven van slavernij in dezen staat’ beginnen te merken dat zij zich bespottelijk maken en niemand hunne beschuldiging meer gelooft”.⁽³⁰⁾ Wanneer 'n mens aan hierdie woorde van Pretorius dink, is mens byna geneig om toe te gee dat die geskiedenis homself soms herhaal.

Pratt se dienste was vir die Republiek in Engeland van onskatbare waarde. Deur sy toedoen is die Britse regering doeltreffend op hoogte van die gang van sake in Suid-Afrika gehou. Dit is deur M. W. Pretorius self erken toe hy by die opening van die Volksraad in Mei 1870 aan die lede gesê het „Met het gouvernement van Groot Britannië en Ierland is onze betrekking zeer voldoende, wordende zulks bevorderd door onze vertegenwoordiger aldaar, de Wel. Ed. Heer J. J. Pratt”.⁽³¹⁾ Op grond van bewese dienste het die regering besluit om sy posisie in Londen te verbeter deur sy rang te verhef tot die van Konsul-generaal — 'n bevordering wat deur Pratt aanvaar en deur die Britse regering bekragtig is.⁽³²⁾ Gelyktydig hiermee het ook 'n verandering gekom in die staatsregerlike posisie van die Suid-Afrikaanse Republiek toe die Graaf van Clarendon deur Pratt die Transvaalse regering versoek het om korrespondensie met die Britse regering voortaan te rig aan „Her Majesty's Principal Secretary of State for Foreign Affairs”.⁽³³⁾ Dat die goeie werk van Pratt hiertoe meegewerk het, lei geen twyfel nie.

(30) B.B. 1244/69: Pretorius aan Pratt, dd. Pretoria, 10/17-11-1869.

(31) Staats-Courant, 10-5-1870 (Byvoegsel), Aanspraak Staatspresident Art. 10.

(32) B.B. 626/69: Pretorius aan Pratt, dd. Pretoria, 14-7-1869.

B.B. 533/70: Proes aan Min. van Buitelandse Sake, dd. Pretoria, 8-4-1870.

(33) R 136/70: Brief van Haar Majesteit Koningin Victoria aan M. W. Pretorius, dd. 13-10-1869.